


**RIETFLUIT REDAKSIE & ADMINISTRASIE**

Vir enige navrae oor advertensieplaasing, getuienis, voorstelle of nuus oor u bediening, stuur gerus 'n e-pos vir Ilze du Plessis by ilzedples@gmail.com.
Kontak nommer is 0721113100



NG Kerk Rietfontein-Suid
Ons Gee Om

# Die Rietfluit

JAARTEMA:
**Sáám volg ons Christus**

**September 2018**

## Lewenswaarhede wat jy nie uit 'n boek kan leer nie (No1)

Daar is lewenswaarhede wat ons net in die skool van die lewe leer. Natuurlik is niks nuut nie en word dit alles deur die Woord bevestig, want die Here is tog ons groot Leermeester. Lewenswaarhede is so kosbaar omdat dit in die harde lewe van elke dag ontdek, getoets en gegroei het.

Hierdie lewenswaarhede is die waarhede wat Hy vir my geleer het oor byna sestig jaar. Ek het van dit by die kuierhoekie gedeel en het versoeke ontvang om dit op skrif te stel. Hier is dit nou en mag dit jou lewe verryk!

### 1 God is genoeg

Dit is een ding om God te ken en 'n totaal ander as Hy jou alles is. Die Psalmdigter sê dit so duidelik:

Net by God vind ek rus (Psalm 62:1) en Psalm 16:2 Ek het vir die Here gesê: "Ek behoort aan U, daar is vir my niks goeds nie behalwe by U. Paulus sê: vir my is die lewe Christus (Fil 1:21).

Al gebeur wat in ons lewe en al beleef ons watter seisoen in ons persoonlike lewe, die Here is genoeg sodat ons vol vrede en vreugde vir Hom kan leef. In Hom het ons alles wat regtig saak maak nl ware lewe, verlossing, kindskap van God, sekerheid van Sy liefde, Heiige Gees-krag vir elke dag en 'n heerlike toekoms wat vir ons gewaarborg word by Hom.

Al word ons van alle aardse dinge gestroop, kan niemand God van ons wegstroop nie. Daarom is God genoeg! Ons kan daarom saam die psalmdigter bely: die Here is my herder ek kom niks kort nie (Psalm 23).

***Wees net by God, God is genoeg*** *(Stephan Joubert)*

**Ons Visie:** **Deur Christus-liefde gee ons vir almal om**

**2 Ons kan niemand anders se lewe beheer of verander nie**

Baie van die dinge wat ons ongelukkig maak het te doen met ander se optrede. Solank ons geluk, vrede en vreugde afhanklik is van ander se optrede gaan ons maar min daarvan beleef in hierdie wêreld.

Die waarheid is egter ons het geen beheer oor ander se optrede nie maar ons het wel oor ons eie optrede of reaksie op wat ander doen, beheer.

Ons kan nie 'n ander se lewe leef en 'n ander se keuses maak nie. Ons kan ook nie 'n ander se lewe verander nie. Ons kan hoogstens 'n gunstige atmosfeer skep vir verandering by ander. Die groot vraag in elke situasie en verhouding is nie wat doen die ander persoon nie…en wat moet hy/sy verander nie maar eerder: hoe kan ek die beste, God se wil uitleef in hierdie situasie of verhouding?

Ons kan ook vir ander bid, want God het toegang tot elke hart om Sy wil te laat geskied. Kom ons dra die vrug van die Gees in elke situasie en verhouding.

***Elkeen moet aan die Here rekenskap oor hul eie gedrag gee (Gal 6:5)***

**3 Die lewe is verhoudings**

"Life is relationships and the rest is just detail". Hierdie aanhaling vat die kern saam van hoe die Here ons gemaak nl na Sy beeld. Die drie-enige God is 'n verhoudings-wese en Hy het ons na Sy beeld gemaak. Ons almal leef in verhoudings. Ons het nie 'n keuse of ons dit wil doen nie. Ons het slegs die keuse *hoe* ons dit doen.

Hoe ons in ons betekenisvolle verhoudings leef bepaal grootliks die kwaliteit van ons lewe. Daarom is die verhouding met God, met ander, onsself en die natuur prio-riteite.

Dit is merkwaardig dat die Here Sy kerk in familie-taal of verhoudingtaal beskryf nl kinders van die Here en broers en susters van mekaar. Om in naby-verhouding met mekaar te leef is een van die uitstaande kenmerke van egte kinders van God.

Hoop jy beleef iets van naby-verhoudings in hierdie 40 dae in die eredienste, groepe en jou gesin rondom God se Woord en gesprek met mekaar!

Volgende keer meer oor nog lewenswaarhede: *Wat in jou binneste (hart/denke) omgaan bepaal jou lewe; moenie te veel van ander mense verwag nie; en geen situasie is hopeloos nie.*

*Ds Leon van Heerden*





# 40dae "In Sy Voetspore"

## Hoop jy maak die 40 dae reis saam met ons mee.

Vanaf <u>*Sondag 2 September*</u> gaan ons nadink oor wat dit beteken om op hierdie Goddelike roeping te reageer.

*Die volgende vrae gaan bespreek word:*

- ◊ *Word elke Christen deur God geroep, of is navolging van Christus net vir sommige?*
- ◊ *Wat beteken dit om Christus 24/7 te volg?*
- ◊ *Waartoe roep en stuur God ons?*
- ◊ *Hoe wil God ons vorm om getroue en geloofwaardige navolgers van Christus te kan wees?*

Dit is nog nie te laat nie. Woon die eredienste by , lees die dag-stukkieboek en skakel in by omgeegroep vir die 40dae (of doen dit in jou huis saam met nog 'n gesin of twee).

Mag die Here in hierdie 40 dae ons gemeente nader aan Hom en mekaar bring.

Vir meer inligting kontak 'n leraar of Gert Kok 072 120 2952

*Die 40dae-span*






# NG RIETFONTEIN-SUID KARNAVAL

deur Christus-liefde gee ons
vir almal om

## 1 September 2018

## 7:00 tot 14:00

# Adelaars Sportterrein
# 18de Laan, Meyerstraat
# Wonderboom-Suid

Parkering Beskikbaar

**Navrae:**
Herman Labuschagne
082 461 1152



**Mini-Krieket**



## - - - - DATUMS VAN BELANG - - - -

- **1 Sept:** Karnaval
- **2 Sept:** 40 Dae-Reekreeks begin & Nagmaal
- **24 Sept:** Vakansiedag (Erfenisdag)
- **28 Sept:** Skole Sluit
- **9 Okt:** Skole Open
- **14 Okt:** Oupa & Oumadag in saal om 10:00
- **28 Okt:** 40-Dae Reeks Afsluitingsfunksie om 10:30
- **28 Okt:** Aandnagmaal om 18:00

*Sien jou daar!*

Waarom is ek so in vertwyfeling en waarom
kerm ek so? Vertrou op God!
Ja, ek sal weer vir Hom 'n loflied sing.
Hy is my helper en my God!

*Psalm 2:6 —7*



**BOOMSLOPINGS & SNOEI**
GRATIS KWOTASIE
VERSEKERING
**KONTAK ERNST by 083 656 4992**
www.treecarepta.co.za



*Eenminuut-oordenkings*

## Oorgawe aan God

Here, leer ons bid.

Lukas 11:1

Christus het Homself onvoorwaardelik opgeoffer vir almal wat Hom aanneem as hulle Verlosser. Hy sal jou lewe egter net so ver verryk as wat jy Hom toelaat om dit te doen. Die kwaliteit van jou toewyding sal weerspieël word in die krag van jou gebedslewe. Oppervlakkige toewyding kan nooit 'n lewende geestelike lewe voortbring nie.

As jy jou oorgawe aan Christus met erns verdiep, sal sy teenwoordigheid 'n al groter werklikheid in jou lewe word. Jy sal kanale van kommunikasie met Hom ontdek wat jy te eniger tyd kan gebruik.

Dit beteken hoegenaamd niks om vir God te vra om aan jou 'n sinvolle gebedslewe te gee, tensy jy jou deel doen om dit te ontwikkel nie.

*Here, leer my om my nie te bekommer oor wat môre mag bring nie. Leer my om stil op U te vertrou, want U is goed en altyd. Amen.*

16 Augustus

Ozrovech S. (2008) Genade vir elke Oomblik, Christian Art Gifts RSA, bl. 16 Augustus



# OMGEE-BEDIENING

**KOM SLUIT AAN BY 'N OMGEEGROEP! Jy sal nie spyt wees nie.**

**VISIE VAN DIE OMGEE-BEDIENING**:

*Om deur omgee-verhoudinge in omgeegroepe mekaar te help om te groei tot praktiese en gehoorsame navolgers van Christus.*

Dit is die bediening wat die **omgeegroepe** ondersteun en organiseer.

Omgeegroepe is in hierdie gemeente die primêre "voertuig" van bediening en versorging!

Omgeegroepe

Ons gee om.

☺ As jy oorweeg om by 'n omgeegroep in te skakel kontak vir Tom Rademeyer by 0823729803.

☺ Indien jy kans sien om as 'n omgeegroep-leier opgelei te word kontak ook asb vir Tom.




Die doel van die karwas is om vir werklose persone geleentheid te bied om iets te verdien asook dat jy persoonlike met hulle kan kontak hê. Die mark se doel is om persone uit die gemeenskap geleentheid te bied om inkomste of ekstra -inkomste te kan verdien.
Veral aanvulling van pensioene.

***Die stalletjies is gratis. Almal is welkom!***